

Boekbesprekings/Book reviews



T.R.H. DAVENPORT. *South Africa: a modern history*. Derde uitgawe. Macmillan: Johannesburg, 1987. 692pp. Geïll. R34,95 (eksklusief). ISBN 0 333 38830 5.

Sedert die verskyning van Rodney Davenport (vroeër hoof van die Departement Geskiedenis aan Rhodes Universiteit) se *South Africa: a modern history* in 1977, het die werk homself as een van die gesaghebbende in sy klas gevestig. Nie alleen word dit aan universiteite voorgeskryf nie, maar het reeds drie uitgawes beleef — iets wat die akademiese diepte van die werk beklemtoon.

Hierdie uitgawe is 'n grondige hersiening van feitlik elke hoofstuk sodat die boek se inhoud en benadering tans in belangrike opsigte van die 1977-uitgawe verskil. Veral deel 2 ('The consolidation of a white state') is bygewerk om binnelandse gebeure tot 1985 en buitelandse ontwikkelinge tot na die Nkomati-verdrag te dek. Nuut in die afdeling is ook die hoofstuk 'The economy and the people of South Africa' wat die rol van die ekonomie op die politieke en sosiale strukture skerp ontlee.

Die belangrike vraag oor die hersiene produk is of die skrywer na meer as 'n dekade sedert die verskyning van die eerste uitgawe die jongste interpretasies van die Suid-Afrikaanse geskiedenis sinvol verwerk het. Die vraag is veral relevant weens die heftige liberale-radikale debat in die Suid-Afrikaanse historiografie die laaste sowat twee dekades.

Die antwoord is 'n gekwalifiseerde 'ja'. Davenport het wel deeglik kennis geneem van die sg. revisioniste ('radikales') se standpunte — veral in hoofstukke 8, 10-12 en 19. Dit is egter opvallend dat hy relatief min verskuiwings in sy liberale benadering tot die geskiedenis aangebring het. Hy gebruik sekere opvattinge van die 'radikales' op 'n kundige wyse, maar giet dit in sy oorheersende liberale vorm. Die invloed van die revisioniste was ook nie sterk genoeg om aan die werk 'n groter sosiaal-ekonomiese inslag te gee nie — al het dit met die veranderinge wel aan diepte gewen, bly *South Africa: a modern history* in wese politieke geskiedskrywing.

Om in 'n massiewe werk soos dié 'n oorsig van die Suid-Afrikaanse geskiedenis van die vroegste tye te gee, is 'n uiters moeilike taak. Davenport vind egter 'n uitmuntende balans tussen feitlike detail en vertolking en gee tussendeur ook rekenskap van die stand van die geskiedskrywing. Sy duidelike fokus op sentrale temas, die binding van hede en verlede en sy betrokkenheid by veral die meer kontemporêre gebeure gee aan die werk vitaliteit en die stempel van kwaliteit. Die werk is 'n uitstekende bydrae tot ons kennis van en insig in die Suid-Afrikaanse geskiedenis uit die pen van een van ons mees vooraanstaande historici.

H.J. VAN ASWEGEN
Randse Afrikaanse Universiteit

J. DE VILLIERS. 'Die "Cape Regiment", 1806-1817: 'n koloniale regiment in Britse diens'. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 52(1). Staatsdrukker: Pretoria, 1989. 227 pp. Geïll. R6,77 (eksklusief). ISBN 0 9790 1241 9.

Hierdie is die tweede nagraadse studie van Johan de Villiers wat in die Argiefjaarboek-reeks opgeneem word. Dit dui stellig op die besondere waarde wat die Argiefkommissie aan De Villiers se kwaliteit en benadering heg.

Vanuit 'n bepaalde akademiese hoek gesien, regverdig die inhoud inderdaad publikasie op staatskoste. Dit is immers die enigste grondige studie in Afrikaans oor die wel en wee van 'n Britse regiment, en boonop 'n detailstudie van 'n inheemse infanteriekorps in Britse koloniale diens. Die navorser toon trouens meer as in sy vroeëre werk begrip vir die stereotipe sienings oor die etniese groep waaruit die Cape Regiment saamgestel is, al neig hy nog tot 'n hoofsaaklik rasse-konseptualisering van die betrokke manskappe.

Vergeleke met sy verhandeling van 'n dekade gelede oor 'Hottentot'-regimente aan die Kaap tussen 1781 en 1806, toon 'Die "Cape Regiment"' 'n duideliker teoretiese grondslag. Vir die onervare navorser bied die studie 'n nuttige raamwerk van hoe sinvol van die makrovlak (die Britse leër tydens die Napoleontiese era in Europa) na die mikrovlak (die Cape Regiment aan die Kaap tydens die Oosgrens-krisis) beweging kan word. In toekomsstudies oor Suider-Afrikaanse leër- of guerilla-eenhede kan dit dus nuttig te pas kom. De Villiers voer sy histories-tematiese ontwikkelingslyn logies deur van die stigting en vorming van die Cape Regiment tot die verskuiwing daarvan uit Wynberg na De Rietfonteyn (die latere Grahamstad) aan die Oosgrens.

Ongelukkig word die leser tussendeur vermoei met starre detail oor opkommandering, drostery en ontslag van soldate, wapentuig en kleding, behuising, onderhoud, opleiding en sendelingaktiwiteite — iets wat beslis afbreuk doen aan De Villiers se eie model vir 'n goeie regimentsgeskiedenis.


Volgens hom bestaan wetenskaplike militêre geskiedskrywing juis uit breedte, plus diepte, plus konteks.

In 'Die "Cape Regiment"' word die breedtevlak deur die Napoleontiese oorlogstydperk omlin, terwyl die regimentmanskappe se deelname aan die Vierde Grensoorlog en Slagtersnek (1815) skynbaar die dieptevlak versinnebeeld. 'n Rankeaanse detailbeskrywing van die 'voortdurend veranderende politieke, sosiale en intellektuele milieu' waarbinne Britse militariste en politici 'n historiese rol aan die etniese leëneheid toegeken het, verteenwoordig vir hom die konteksvlak.

Die makro-breedtevlak skyn al nege hoofstukke te oorheers, terwyl die Cape Regiment se betrokkenheid by die dieptevlak net in die laaste twee hoofstukke aan die orde kom. Die konteksvlak word op sy beurt onbevredigend binne die verwagte teoretiese model ontrafel. Eintlik word die uitbeelding van dié vlak te opsigtelik oorlaai met detail oor amptelike korrespondensie tussen hoofsaaklik militêre en politieke topamptenare. Van die outentieke stem en optrede van die regimentsoldaat kom bitter min tereg. Dit maak van die studie 'n getroue weergawe van regimentsgeskiedenis soos vanaf die militêre topstruktuur gesien, wat immers 'n uitstaande kenmerk van die militêre tradisie bly. In die geval van die Cape Regiment kon daar egter ten tyde van sy ontbinding in 1817 nog geen sprake van 'n eie militêre tradisie wees nie. En ten opsigte van die studie se konteksvlak is die onderhawige dekade 'n te kort tydperk om sinvol die veranderende milieu te analiseer wat De Villiers se teoretiese raamwerk veronderstel.

Nogtans sal 'Die "Cape Regiment"' nog lank 'n noodsaaklike naslaanwerk bly vir enigeen wat aspekte van die Kaapkolonie in die vroeë 19de eeu wil navors. Daarvoor sal onder meer die omvangryke literatuurlys sorg, al word M. Howard se *Wars in European history* (1976) en G. Best se *War and society in revolutionary Europe* (1982) nie daarin vermeld nie.

H.C. BREDEKAMP
Universiteit van Wes-Kaapland



A.H. JEEVES. *Migrant labour in South Africa's mining economy: the struggle for the gold mine's labour supply, 1890-1920*. Witwatersrand University Press: Johannesburg, 1985. 323 pp. R20,00 (exclusive). ISBN 0 8549 484 73.

This book, which examines the origins and development of the migrant labour system on the gold mines, convincingly questions the stress on monopoly of power in the gold mining industry which has hitherto pervaded the historiography of mine labour, whatever the ideological perspective of the historian. While it is true that a highly centralized recruiting system did emerge under Chamber of Mines control, historians before Jeeves have either failed to explain, or even to recognize the persistence of competition and disunity in the first three decades of the gold mining industry. The time taken to secure the interests of the industry suggests that the view of mining groups as being all-powerful, needs considerable modification.

Before 1912 the Chamber of Mines made several attempts at setting up a monopoly to expand the mine labour force as much as possible, while at the same time keeping wages down. In this way the Chamber hoped to exploit the huge reserves of low-grade ore to the maximum extent. The success of these attempts depended crucially on state restriction of access to land by Africans, and by imposing taxes to force them to work for cash wages. The Chamber simultaneously sought to centralize recruiting under the control of industry, which should reduce labour costs by stabilizing wages at a low level and ending wasteful competition among the mines.

As early as 1893 these policies were in place, but successive attempts failed at setting up a monopoly (1880-1893, 1896-1897 and 1900-1906), because the Chamber seriously underestimated the difficulties of implementation. The Chamber had an exaggerated view of the capacity of the state to deliver labour through taxes and coercive legislation, and also underestimated the ability of black cultivators to retain a significant degree of independence. Each failure saw the rampant revival of independent recruiting, and even attempts by some companies to experiment on company property with alternative systems such as stabilized labour and the acquisition of 'labour farms', which would reduce dependence on uncertain migrant labour in a highly competitive context.

Only through vigorous, competitive recruiting after 1906 were the mines able to increase labour supplies dramatically to compensate for the loss of indentured Chinese labour, to maintain production levels and pursue development policies. Between 1908 and 1912, the bid for labour monopsony was shelved. In a sellers' market for labour workers were not merely victims, but were also able to extract considerable benefits in the form of cash advances from the industry. Private recruiters waxed rich, but their success contained the seeds of defeat.